



## *Juwele en krale uit die hart van Afrika*

Op soek na iets anders, as geskenk vir oorsese vriende of 'n liefhebber van Afrika-kuns? By Helen de Leeuw se winkel in Hyde Park is nou 'n tentoonstelling van Afrika-kuns te sien en te koop. Daar is van juweliersware uit Wes-Afrika, tot Zoeloe-potte, Herero-poppe, NdBele-kralewerk tot musiekinstrumente uit Kenia. Mandjies en matte van oral in Afrika is te sien en alles is van 'n baie hoë standaard, met 'n kennersoog uitgesoek, sê mev. De Leeuw. Die tentoonstelling duur tot 3 Januarie.

LINKS Voorbeelde van Afrika se juweliersware. Die groot halssnoer om Miki Spangenberg se nek is van amber en silwer, met 'n groot Etiopiese kruis wat daaraan hang. Die stropsnoer, 'n Lazm-halsband van koper en silwer, is van Arabiese oorsprong, maar word nou in Afrika gevind. Die groot armband aan haar regterhand is van Iran en is van silwer en glas en oorspronklik gebruik om 'n perd se stert te versier. Die ander armband is 'n silwer Galla-armband. Sy staan voor 'n mat waarop Zoeloe-kralewerk vertoon word. Die houër in haar hand is 'n bloed- en melkhouer wat deur die Masai in Kenia gebruik word.

BEELD 18/12/1971